



DIE EIENSKAPPE VAN 'N HEILIGE LEWE

SLEUTELTEKS;

Vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid (1 Tim. 6:11).

Galasiërs 5:22. Die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. **23.** Teen sulke dinge is die wet nie. **24.** Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. **25.** As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.

26. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie.

1 Petrus 2:21. Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg. **22.** Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie;

23. wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel; **24.** wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is. **25.** Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Opsier van julle siele.

Efésiërs 4:20. Maar julle het Christus nie so leer ken nie,

21. as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus: **22.** dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan,

23. en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed **24.** en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.

Agtergrondverwysings

Hand. 15:8-9; Rom. 6:1-14;
Ef. 1:3-14

Toewydingsgedeelte

Romeine 8:11-17

Sentrale Waarheid:

Die essensie van 'n heilige lewe bestaan uit 'n mens se gewilligheid om aan die natuur en wil van God gelykvormig te word.



UITEENSETTING VAN DIE LES

INLEIDING

Heiligheid is meer as 'n blote idee en meer as net 'n ideaal. Heiligheid is die wesenslike eienskap van God se morele natuur. Dit is die heilige natuur van God wat die standaard vir moraliteit in die harte van mense én in hulle optrede is. Die eienskappe van heiligheid word nie deur kerke of deur mense vasgestel nie, maar vloei voort uit die heiligheid van God self. Korrekte gedrag is dit wat met God se heilige natuur in ooreenstemming is, en gedrag is verkeerd as dit nie daarmee in harmonie is nie.

Die eienskappe van heiligheid is nie relatief nie, maar absoluut en onveranderlik. Reinheid, geregtigheid en waarheid is oral en in alle tydperke reg omdat dit in harmonie met God se natuur is en dit reflekteer. Moord, oneerlikheid, morele perversie en losbandigheid is oral en te alle tye verkeerd omdat dit in botsing met die heilige, morele natuur van God is. Die samelewing se gewoontes en die kerke se standaarde mag ten goede of ten kwade verander, maar God se heilige natuur bly altyd dieselfde. Dit is die absolute maatstaf waarmee die korrektheid van die samelewing se gewoontes en die standaarde van kerke en individue bepaal kan word. Die morele eienskappe van heiligheid is so onveranderlik soos God self.



1. 'N LEWE VAN VRUGBAARHEID (Galásiërs 5:22-26)

Maar die vrug van die Gees is liefde... (v. 22-23). In die morele sowel as in die natuurlike sferes is daar geen plaasvervangers vir vrugte nie. Die vrug van die Gees is liefde uit 'n rein hart wat in ons lewens uitdrukking vind. Daar is nege vrugte van die Gees wat 'n hele reeks etiese en geestelike waardes insluit. Die eerste groep van drie het met ons verhouding tot God te doen. **Liefde** is natuurlik die grondslag. As die uitdrukking van heiligheid is dit die eienskap wat die natuur van God beskryf. Dit is "in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is" (Rom. 5:5). **Blydschap** is die houding wat uit die diepte van 'n siel ontspring waar alles reg is omdat Christus die Here is en die volheid van lewe deur die Heilige Gees ervaar word. **Vrede** is die gevoel wat uit 'n harmonieuse verhouding met God vloei.

Die tweede groep van drie het op ons verhouding met ander mense betrekking. **Lankmoedigheid** is 'n deug van geduldige volharding tydens negatiewe houdings en aksies deur ander mense. **Vriendelikheid** is 'n goedgunstige en positiewe ingesteldheid teenoor ander, ongeag die omstandighede. **Goedheid** is 'n houding van die hart en lewe van 'n persoon wat daarop ingestel is om goed aan ander te doen.

Die derde groep het betrekking op beginsels wat 'n Christen se gedrag reël. **Getrouheid** is die eienskap van betroubaarheid in die uitvoering van jou verpligtinge. **Sagmoedigheid** is nie 'n teken van swaakheid nie, maar van krag. Die sagmoedige man het genoeg krag van karakter om onder druk vriendelik en gematig op te tree. **Selfbeheersing** is die kroon van die Geesbeheerde lewe. Dit veronderstel beheer oor alle begeertes, gemoedstoestande en hartstogte.

Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees gekruisig (v. 24). Dit beteken nie dat Christene wat deur die Gees wandel, nie meer in liggame leef en ook nie meer drange en begeertes het nie. Die Here vernietig nie in sy verlossingswerk dit

wat Hy as Skepper gemaak het nie. In sy genade is daar egter voorsiening gemaak om die kwessie van prioriteite en beheer te kan bepaal. "Wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede" (Rom. 8:6). Wat 'n mens se wil betref wat op dinge ingestel is wat geestelike oorwinning belemmer, is daar 'n kruisiging wat die vleeslike vernietig, verlossing van die menslike verleen en die geestelike op die troon plaas.

As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel (v. 25-26). Indien dit ons ervaring is, moet ons nie toelaat dat ons in verkeerde houdings of gesprekke ingetrek word nie. Ons moet ook nie ydele eerbetoning soek deur groot te praat nie, want dit verwek ander mense se toorn of afguns.



2. 'N LEWE VAN CHRISTUSGELYKVORMIGHEID (1 Petrus 2:21-25)

Want hiertoe is julle geroep (v. 21). Christus was die beeld van die onsigbare God en Christene moet in hierdie wêreld in die gelykvormigheid van die Seun leef (vgl. 1 Joh. 4:17). Jesus Christus is die voorbeeld. Die basiese ontwerp van die evangelie is om Christelike beginsels op mense se moraliteit en pligte te laat rus. **Omdat Christus ook vir ons gely het.** Hy het na hierdie wêreld gekom, gely, gebloei en gesterf vir die sondes van baie. Hy het egter veel meer gedoen as om die volmaakte offer vir die versoening van ons sondes te bring: Hy het ook die volmaakte patroon vir mense gevestig om na te volg deurdat Hy vir ons 'n **voorbeeld nagelaat het.** Ons lewens moet in alle opsigte met dié van Christus ooreenstem, **sodat ons sy voetstap kan navolg.**

Hy wat geen sonde gedoen het nie (v. 22). Petrus gaan voort om op die voorbeeld van die Here Jesus uit te brei. Hy het nooit sonde gedoen nie, hoewel Hy net so 'n mens soos ek en jy was. Hy het gely, maar nie as gevolg van enigiets boos wat Hy gedoen of gesê het nie. In woord en daad was Hy onbevlek en tóg is Hy aan lyding onderwerp. Jy kan verwag dat dieselfde met jou sal gebeur en wanneer dit wél gebeur, verduur dit dan in dieselfde gees. Jesus Christus het nooit in daad gesondig nie en **in sy mond is geen bedrog gevind nie.** Sondeloosheid wat die mond betref, is 'n teken van volmaaktheid. Hoe min mense volg hierdie voortreflike voorbeeld van die Meester! En tóg sê Jakobus: "As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en nie sy tong in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdienste van hierdie man is tevergeefs" (Jak. 1:26). Die tong het 'n wortel wat tot in die hart afdaal en as die hart besoedel is, sal dit wat uit die mond kom, ook só wees. Die enigste manier waarop 'n mens soos Jesus Christus kan wees, is om sy reddende en heiligende genade te ervaar, waardeur die hart gereinig word.

Toe Hy uitgeskel is, het Hy nie terug uitgeskel nie (v. 23). Jesus het die basiese leerstelling van die Bybel duidelik geïllustreer dat "liefde die vervulling van die wet is" (Rom. 13:10). Hy het geweier om weerwraak te neem en kwaad met kwaad te vergeld (vgl. Rom. 12:17). **Toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie.** Christus het elke moontlike belediging verduur, maar Hy het te alle tye volkome eerbaar opgetree. Niks minder nie as volkome heiligmaking, waardeur die vleeslike natuur vernietig word, sal ons kwalifiseer om die karakter van die groot Voorbeeld na te volg. **[Hy het] dit oorgegee aan Hom wat regverdig oordeel.** Dit lyk of Petrus in hierdie gedeelte **Jesaja 53:7** in gedagte gehad het. Clarke sê: "Hoewel Hy sy oortreders op enige wyse kon straf, het Hy, om aan ons 'n voorbeeld te gee om na te volg, die saak in die hande van Hom gelos wat 'n regverdige Regter is. Dit sal tot ons groot voordeel wees om in alle gevalle van 'n ontvlammende humeur en die gevaar daaraan verbonde om onself te wreek, die saak in die hande van God te laat. Ons kan verseker daarvan wees dat die Regter van die hele wêreld die beste stappe sal neem."

Wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het (v. 24). Jesus was die enigste persoon wat só 'n offer kon bring. Hy was die eniggebore Seun van God wat sondeloos was en vir die sondaars gesterf het. Hy het Homself gewilliglik gegee **sodat ons die sondes kan afsterwe en vir geregtigheid lewe.** Die gevolge van sy dood vir sonde in sy somtotaal en ook vir elke individuele sonde, is dat ons volkome daarvan verlos kan word. In Christus se dood kan ons die sonde afsterwe en daarvan bevry word, net soos 'n slaaf van diens aan sy meester vrygestel word wanneer hy sterf. Hierna is ons vry om vir die geregtigheid te lewe.

Want julle was soos dwalende skape (v. 25). Wat hier beskryf word, is die toestand van die hele menslike ras buite die genade van Christus. Die taal wat hier gebruik word, stem baie ooreen met dié van Paulus: "Hulle [is] almal onder sonde... Hulle het almal afgewyk" (Rom. 3:9, 12). Julle "was dood deur die misdade en sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" (Ef. 2:1-2). Clarke parafraseer hierdie teks só: "Vroeër was julle nie in 'n beter morele toestand as julle onderdrukkers nie; julle was soos dwalende skape in die woestyn van onkunde en sonde totdat Christus, die ware en genadige Herder, julle uit jul dwalinge teruggeroep het deur die evangelie van sy genade aan julle te stuur." In die lig van hierdie feit betaam dit elke opgespoorde en herstelde persoon om 'n lewe van dankbaarheid teenoor die Herder en Opsier van ons siele te lei.



3. DIE REGTE LEWENSWANDEL (Efésiërs 4:20-24)

Maar julle het Christus nie so leer ken nie, as julle ten minste van Hom gehoor het (v. 20-21). Hier is 'n oproep vir 'n transformasie vanaf die ou lewe na die nuwe lewe in Christus, wat die lewe en karakter van Christus self behels. Die Christelike lewe is meer as net 'n hoër morele ideaal as dié wat in die heidense lewenswyse moontlik is, hoewel dit ook dit is. Dit is 'n letterlike toetreding tot die lewe van Christus self en die ervaring van die herskeppende krag van sy opstanding. Die Christelike lewe is meer as die blote aanvaarding van die leerstellings van Christus, of 'n gepoogde beoordeling van sy voorbeeld. Dit is die geloofsaanvaarding van sy voorbeeld. Dit is die geloofsaanvaarding van sy persoon in ons lewens (vgl. Kol. 1:27). Om 'n Christen te wees behels nie net om oor Christus te leer nie, maar om *Christus self* te leer ken. Jy moet **van Hom hoor en in Hom onderrig word soos die waarheid in Jesus is.** Enigiets minder as só 'n persoonlike ontmoeting met die lewende Seun van God sal die siel sonder enige goddelike krag laat, waardeur die ou lewe verwerp en die nuwe lewe uitgeleef kan word.

Dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê (v. 22). Sommige heiligheidsverklaarders sien hierdie opdrag in algemene terme en glo dat die oue mens dié is wat jy in beginsel reeds by jou bekering aflê en later in 'n stap van volle oorgawe heeltemal oorwin. Ander is meer spesifiek en sê dat die oue mens die vleeslike natuur is wat in 'n ondervinding van volkome heiligmaking afgelê en verwyder word.

En vernuwe moet word in die gees van julle gemoed (v. 23). Die 'gemoed' word hier verstaan as die gees, eerder as die verstand. Dit is die hoogste vermoë van die mens. Hierdeur kan hy God ken, hom in God verbly en Hom verheerlik. Dit is ook hierdie eienskap van hom wat die meeste soos God is. Van nature is die gees egter onder die heerskappy van die sonde. Dit is waarom die ou lewenswyse afgelê en 'n nuwe een aanvaar moet word. Die gees van ons gemoed moet vernuwe word sodat die hele lewenswandel ook verander en vernuwe kan word.

En julle met die nuwe mens beklee (v. 24). Die gedagte hier is om die nuwe lewe aan te trek soos 'n kleed. Dit is 'n skepping van God in ware geregtigheid en heiligheid, en dui op die innerlike werk van heiligmaking wat aanvullend tot die vernuwings van ons gemoed in vers 23 is.



KOMMENTAAR OOR DIE SLEUTELTEKS

Vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid (1 Tim. 6:11). Hierdie vermaning is aan Timótheus, die jong prediker in Efese, gerig, maar dit het ook op alle gelowiges betrekking. In die vorige verse van die hoofstuk spreek Paulus leerstellige dwalinge en die liefde vir geld aan. Dit is van hierdie gevare dat hy Timótheus waarsku om weg te vlug. Dit is van die uiterste belang dat die man van God duidelik en reguit in sy leer én sy lewe sal wees, anders sal hy homself mislei, sowel as baie mense wat na hom luister. Dit is eweneens belangrik dat hy nie rykdom sal nastreef nie. Die begeerte vir hierdie dinge laat baie predikers wegval uit hulle roeping, of, ten minste, 'n belangrike sylyn van geld maak. Terwyl die mense van die wêreld hierdie dinge najaag, moet die manne wat God liefhet, met hulle hele hart daarvan wegvlug.

Geregtigheid. "Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil" (Ps. 23:3). Die Nuwe Testamentiese standaard vir gelowiges is die vervulling met die Heilige Gees, wat ons "in die hele waarheid sal lei" (Joh. 16:13). Geregtigheid is om dit te doen wat reg teenoor God én mense is.

Godsaligheid. "Dit is die eerbiedige bewussyn dat ons hele lewe in die teenwoordigheid en onder die oë van God gelei word" (Beacon Bible Comm.). Die godvresende persoon is nie onverskillig as hy alleen is, saam met ander gelowiges óf as hy saam met vreemdelinge is nie. Sy beginselvaste lewe is die produk van God se genade. Die goddelose is nie so nie. Hulle mag probeer om moreel korrek op te tree, maar hulle is nie sonder sonde nie. Net God kan 'n mens godvresend maak.

Geloof (getrouheid). Hy wie se geloof tydens teëstand wankel, sal spoedig ophou om getrou te wees. Dit is gebiedend noodsaaklik dat Christene te alle tye en onder alle omstandighede getrou sal bly en aan die geloof sal vashou. Dit het Job deur die donkerste beproewings gedra: "Al wil Hy my ombring – ek hoop op Hom" (Job 13:15). Nadat Paulus groot vervolging verduur het en op die punt gestaan het om tereggestel te word, het hy gesê: "Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou" (2 Tim. 4:7).

Liefde. Die Here stort sy goddelike liefde in ons harte uit en dit dwing ons om God én ons medemens lief te hê. Ons word met koorde van liefde na die Here toe getrek, daarom is dit ons kosbaarste besitting (Pulpit Comm.). Liefde is só belangrik dat alle ander gawes en prestasies in vergelyking daarmee as niks gereken word nie. Om die toepaslikheid daarvan op menseverhoudings te begryp, lees 1 Korinthiërs 13.

Lydsaamheid. Dit is die eienskap wat 'n mens bestendig en koersvas onder beproewings hou. Ná 'n lang tyd van swaar beproewing mag 'n mens in die versoeking kom om onder die aanhoudende druk te swig. Dit is dan wanneer die vasberadenheid om aan te hou om goed te doen, ons op die pad hou en uiteindelik by ons heerlike bestemming laat uitkom.

Sagmoedigheid. Dit is die vermoë tot 'n sagte en beheerste reaksie te midde van kritiek en aanvegtinge teen jou. Dit is die teenoorgestelde van skielike toorn, kwaadwilligheid en wraak. Sagmoedigheid werk vrede in die hand. Dit is die bewys van die ware grootheid van jou siel. Dit kom uit 'n hart wat té groot is om deur beledigings beïnvloed te word. Here, gee ons meer sagmoedigheid!



LEERSTELLIGE BESPREKING

Wanneer ons na die noodsaaklike eienskappe van 'n heilige lewe kyk, dan besef ons dat hierdie eienskappe tydens die wedergeboorte in ons lewe begin. 'n Goeie illustrasie hiervan is Jesus se gelykenis van die saaiër.

'n Saaier het uitgegaan om te saai (Matt. 13:3-9, 18-23). Die basiese elemente was dieselfde. Die saad [die woord van God] en die saaiër was dieselfde. Die grond [die harte van mense] was die enigste terrein waarop daar verskille was.

Die eerste hart was hard en onontvanklik vir die woord van God. Dit mag 'n beskrywing van die skrifgeleerdes en Fariseërs wees, maar hulle is beslis nie Christene nie.

Die tweede hart was vlak. Dit was een wat deur emosies oorheers word. Voordat die hart ten volle deur 'n bekering voorberei is, het die emosies oorgeneem en dié dinge wat deur 'n ware berou aan God bely sou word sodat Hy dit kon wegneem, na die onderbewussyn weggevee. Hierdie persoon het net 'n oppervlakkige ondervinding met die Here gehad, maar dit verdwyn in die hitte van vervolging, of selfs net wanneer die emosies weer afneem.

Die derde hart is die belemmerde hart. Hierdie persoon het 'n werklike geboorte deur die Gees van God gehad, en het geestelik goed begin. Die sorg van die lewe het sy hart egter só vervul dat hy nie tyd gehad het vir genademiddels soos gebed, Bybellees, byeenkomste met ander Christene of vir sielewenning nie. Hierdie persoon word deur die genotsugtige dinge van die nie-Christelike wêreld verstik en dit belemmer sy geestelike ontwikkeling: "Die sorg van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord en hy word onvrugbaar" (Matt. 13:22). Die onkruid van wêreldgesindheid, die dorings van kritiek en die aantrekkingskrag van rykdom groei in sy hart totdat hy sy getuienis verloor, indien nie ook sy Christelike ondervinding nie.

Die vierde hart was die heiligste hart. Hierdie persoon het toegewyd die voortreflikhede van die vrug van die Gees gekweek sodat hulle in 'n oorvloedige mate in sy lewe sigbaar was. Hy was 'n sielewenner deur sy teenwoordigheid, sy woorde, sy volharding en die program van sy lewe. Hy was die persoon wat vrywilliglik aangebied het om Christus te volg toe Hy nog hier was.

Hy het nooit teruggedeins toe hy gehoor het dat daar probleme was nie en kon ook nie deur sy familie oorgehaal word om by hulle te bly wanneer hy die oortuiging gehad het dat hy iewers moes heengaan om vir Jesus te werk en te getuig nie.

Dit is 'n ontstellende gedagte om daaraan te dink dat daar met die saad [God se woord] en die saaiër niks verkeerd was nie, en tóg was die helfte van die mense wat deur die grond voorgestel word, ongered en nóg 'n kwart was onproduktief met geen vrug [of slegs misvormde vrugte] om aan die wêreld te bied. Dit is tragies dat net 'n kwart die woord ontvang en met rein harte vrug gedra het.

Een van die belangrikste eienskappe van 'n geheiligde Christen is dié van toewyding. In **Lukas 9:23** sê Jesus: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg." Hieruit blyk daar drie eienskappe wat die geheiligde kind van God in 'n volle mate moet hê. Hulle is: kruisiging [selfverloëning], heiliging [om elke dag die kruis op te neem] en toewyding [om Christus te volg]. Die woord "volg" in Grieks is in die bevelsvorm en teenwoordige tyd. Dit beteken dat daar geen verlatting van die ware koers van die Christen mag wees nie.

Die wêreld is egter met ander dinge besig. Hulle wil hê dat die Christendom na hulle pype moet dans. Die wêreldlinge in die kerk hou niks van suiwer leerstellige prediking nie, omdat hulle kerk toe gaan om vermaak te word.

Vir die Christen gaan dit om die liefde van God. Die eerste eienskap wat Paulus van 'n goeie Christen in **Gal. 5:22** noem, is liefde. Jesus het ook die wette van God in twee beginsels opgesom, naamlik die hoogste liefde tot God, en die opofferende liefde vir ons medemens. 'n Persoon kan egter nie sy medemens soos homself liefhê voordat **Gal. 5:24** in sy lewe vervul is nie: "Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig."

Onder die leiding van die Heilige Gees sê Paulus die volgende: "Maar beywer julle met die oog op die beste gawes; en ek wys julle 'n nog uitnemender weg" (**1 Kor. 12:31**). Daar is geen groter weg as die weg van die liefde nie. Die eienskappe daarvan word in **1 Kor. 13** beskryf. Ons moet die Skrifte ondersoek en ons kennis oor Jesus verdiep. Dan sal ons nie tyd hê om so baie fout te vind met ander Christene nie, want ons sal besig wees met die verbetering en veredeling van ons eie siele sodat die lewe van Jesus deur ons kan skyn en mense vir Hóm in ons lewens sal kan sien, eerder as vir onself.



VRAE EN ANTWOORDE

Die vrae en antwoorde handel oor die eienskappe van 'n heilige persoon:

1. **Is dit in orde om na ander mense te kyk as voorbeelde van 'n heilige lewenswandel?** Ja, dit kán voordelig wees om positiewe tekens en goddelike karaktertrekke in persone te sien wat rolmodelle vir ons is. In **1 Tim. 4:12** sê die Bybel: "Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid." **Handelinge 1:8** sê dat ons "getuies" vir andere sal wees. Dit kan aan ons 'n praktiese, ooggetuie voorbeeld van die beoefening van heiligheid op aarde gee wanneer ons na ander Christene se lewens kyk. Ons kan hieruit bemoediging put.

2. **Is daar enige gevare aan verbonde as ons na andere as voorbeelde van 'n regte lewe kyk?** Christene is menslik en kan ook faal en selfs val. Daar is verskeie voorbeelde hiervan as ons rondom ons in die Christenwêreld kyk. As ons nét na andere kyk, kan ons dalk mislei en ontmoedig word en dan self terugval en die pad byster raak.

3. **Wie is volgens die Bybel ons voorbeeld vir die regte Christelike lewe?** Volgens **1 Pet. 2:21-22** is Jesus Christus ons voorbeeld, omdat Hy reg gelewe het voor God én die mense en nooit gesondig het nie.

4. **As Christus dan ons voorbeeld is, hoe was sy lewe op aarde?** Die volgende was sekere van die eienskappe van sy lewe:

- Hy gee om (**Mark. 4:38-39**).
- Hy is jammer vir dié wat ly (**Mark. 1:41**).
- Hy het nie kwaad met kwaad vergeld nie (**1 Pet. 2:23**).
- Hy het meegevoel gehad (**Heb. 4:15**).
- Hy was vriendelik teenoor sondaars én heiliges (**Matt. 11:19; Joh. 12:1-2**).
- Hy was vol liefde (**Ef. 3:19**).
- Hy het sy lewe vir andere gegee (**Joh. 10:17-18**).
- Hy was hulpvaardig (**Joh. 21:4-9**).
- Hy het die landswette gehoorsaam wat nie met God se Woord in stryd was nie (**Matt. 17:24-27; 22:17-21**).
- Hy het die evangelie met andere gedeel (**Matt. 9:13**).
- Hy was sondeloos (**1 Pet. 2:22**).
- Hy was simpatiek teenoor dié wat 'n geliefde verloor het (**Joh. 11:32-36**).
- Hy was wys (**Matt. 13:54**).

5. **Wat is sekere van die eienskappe wat ons deur 'n heilige lewe moet vertoon?**

- Die vrug van die Gees: liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (**Gal. 5:22-23**).
- Wees soos Christus (**1 Pet. 2:21**).
- Wees Geesvervuld (**Ef. 5:18**).
- Wees regverdig (**Titus 2:12**).
- Vertoon godvresendheid (**Titus 2:12**).
- Leef ingetoë en vroom (**Titus 2:12**).
- Dra vrug (**Joh. 15:8**).

6. **Wat is sekere eienskappe wat nie deel van 'n heilige lewe is nie?** Oneerlikheid, haat, kwaadwilligheid, 'n wraaksugtige gees, selfsugtigheid, wêreldgesindheid en materialisme ten alle koste.

7. **Wat stel ons in staat om te leef soos ons behoort te leef?** Die Gees van God wat in ons woon, gee aan ons die krag om die Here te dien en reg te leef. Dit kan nie in die vlees gedoen word nie (kyk **Hand. 1:8; Joh. 16:13; Rom. 8:14, 26, 27; 15:17-19; Gal. 5:16-18; 1 Pet. 1:22; 1 Joh. 3:24; 5:6**).

8. **Waar kan ons die nodige hulp verkry om reg te leef?** Vra die Here in gebed vir al die hulp wat jy nodig het. Glo opreg dat Hy jou sal help. Volhard op die pad van die regverdiges, ongeag die omstandighede. Die Here toets dalk jou geloof. Aanvaar altyd dat Hy net die beste bedoelings met jou het.



WARE HEILIGHEID

Ware heiligheid is, volgens G. Campbell Morgan:

- nie die onvermoë om te sondig nie, maar die vermoë om nie te sondig nie.
 - nie vryheid van versoekings nie, maar die krag om versoekings te oorkom.
 - nie onfeilbare oordeel nie, maar 'n ernstige en eerlike poging om God se wysheid te volg.
 - nie verlossing van die liggaam se swakhede nie, maar oorwinning daarvoor.
 - nie kwytskelding van konflik nie, maar die vermoë om dit waardig te kan hanteer.
 - nie vryheid van geestelike foute nie, maar die genadige vermoë om nie moedswillig te fouteer en terug te val nie.
 - nie die einde van groei nie, maar die verlossing van geestelike stagnasie.
- Watter Christen sal nie die skoonheid en seën van só 'n lewe begeer nie

* Dis 'n misleidende gedagte dat enige persoon volkome geheilig kan wees en dan nog steeds bitterheid, vitterigheid en harde kritiek in veroordelende woorde en houdings kan openbaar. Die ware aard van heiligheid is liefde uit 'n rein hart.

- Dr. G.B. Williamson

* Heiligheid is nie 'n menslike lewe wat tot op die hoogste vlak van ontwikkeling gebring is nie, maar 'n goddelike lewe wat tot op die laagste vlak van neerbuigendheid gebring is.